AFRICA BIKE WEEK MARGATE 2013

Vanuit **“Mamma”** se oogpunt.

In Suid Afrika het dit so gereën dat meeste van ons gewonder het of **Africa Bike Week** maar per voertuig en sleepwa aangepak moet word. Almal se knieë was deur gebid vir bietjie sonskyn en sowaar, teen Woensdag het ons sonskyn!

Nou ja, toe pak helfte van Pretoria maar die trailertjies af, en prop alles in saalsakke (make up bags het sy eie saalsakkie). Selfs Donderdag oggend toe meniges die pad vat, was dit heerlik warm. Die fietse lyk soos woestyn kamele met al die bagasie, jy sien net kniekoppe uitsteek van agteraf. Vanaf Heidelberg het almal se tande gekletter van die koue, mis het “out of nowhere” toegesak. Sekere ouens versier mos hulle fietsies met sulke kleine ou rem liggies ,dit lyk soos slangogies wat vir jou loer. Op daardie stadium kon jy niks sien nie, en moes mens maar mik vir waar jy dink die pad moet wees, dit terwyl jy nou tervergeefs die nattigheid wat opdam in jou visor probeer afvee. Die ouens wat bril dra het blyklik ‘n dubbele probleem gehad - Sal iemand asseblief valhelm reënveers ontwerp! - Net toe ons wonder of dinge ooit gaan beter gaan word,verdwyn die mis, jy sien net fietse aftrek – left right en centre – baadjies af, winter handskoentjies word vervang, reënjassies gerol (die wat nie deur warm pype gesmelt het nie bygesê) en daar laat spander almal weer!

Almal is so gelukkig tot die superbikers waai vir ons! Nietemin, die Harley’s het op hul kenmerkende manier ” geputupap-putupap” terwyl die meerkatte en superbikes verby gekom het teen ‘n spoed waarvan ‘n Davidson net kan droom - kan nou nog nie verstaan wat die haas was nie want hulle is wel ingehaal by tolhekke en eetplekke **(ok ma leke stupid)**.

Die Orion Hotel Wartburg het groepies so deur die dag begin ontvang, aangesien die helfte van ons mos nie kon besluit wanneer hulle uit die bed uit moes opstaan om te ry en saam wie nie... In die begin was almal maar stillerig ,jy weet mos hoe dit gaan - voel voel eers die water uit voordat jy jou naam begin weggooi - Mens sou sweer Pretoria is al in Margate, want toe begin hulle mos partytjie hou asof die plek aan hulle behoort, “never mind dat die eienaar ook ‘n Harley besit en dit sy plek is nie”. O ja, (hulle kroeg sit onder in die “basement”) scary hoor! Jy is te bang om alleen by die trappe op te klim, so jy bly eerder waar daar dakligte is en drink jouself dapper vir die middernagtelike trek kamer toe. Hulle het ook “ the only gay in the village” , Jy weet mos die Harley manne is oorvriendelik en sien nie ‘n slang in die gras na ‘n paar sopies nie, vir hulle is almal maar net “nice”. Ons moes ‘n paar begelei tot by die kamers, en het seker gemaak hulle deure word gesluit.

Hulle is goed geterg die volgende oggend en die manne het maar met blosende wangetjies terug gegiggel. Die **Biker Buddies** het nie veel beteken nie want hulle

staan almal en komentaar lewer en gekyk hoe Norman die volgende oggend sy arms lam pomp met ‘n piepklein handpompe, want klaarblyklik was sy suspensie nie na wense nie. Duuh! Dis daai swaar gelaaide bagasie wat die ding so laat sleep oor die teerpad dat jy net vonke sien trek trek) Dankie tog, al was sommige mense is nie ‘n “offisiële” Biker Buddy nie, bied hy baie trots die gebruik van sy automatiese pompie aan Norman aan maar, die vervlakste ding het nie eers baterye ingehad om te werk nie. (Praat van mans wat dof is, kan nie ‘n slang in die gras sien nie en dan besit hul nog minder ‘n ordentelike pomp).

So kom ons al juigende aan in Margate, die adrinelien hoog... Dis mos nie elke dag dat jy **duisende fietse** so saam sien nie, die hoendervleis slaan uit oor jou hele lyf, al wat jy hoor is die gedreun van enjins. Jy ry af in die pak, almal se oë is op jou gerig en jy bid, jy bid dat jou fiets nie oor daai onverwagte piesangskil ry, of dat die antie voor jou skielik paniekerig raak en in ‘n skerp draai haar fietsie se brieke aanslaan nie!

Nee, jy klou vas jou toonnaels krul eintlik om in jou stewels, die sweet slaan oor jou lyf uit, jy sien nou- en -dan ‘n ma-lose kind met ‘n gesiggie wat mik om voor jou fiets in te wil harloop... Dan is jy deur, jy het dit gemaak! **Nevermaaind** die bult wat jy nou moet uitry om tot by die woonstel se ingang te kom nie, jy is al klaar nat al is dit meer in jou broek as onder jou arms.

Skielik spoel die verligting oor jou, jy is deur alles, jy het dit gemaak, en net daar begin die lekker waarvoor jy honderde kilometers gery het - **AFRICA BIKE WEEK 2013.**

Alle dank aan **Pretoria Dealership** wat vroegaand vir ‘n vingerete gesorg het vir hul lede. Dit was heerlik, by al die fotos wat geneem was, kon jy sien al wat almal gedoen het, was eet en keel natmaak. Nou ja, die wat nie moeg was van ry nie het opgeskop tot laat, die res het maar gaan ingekruip sodat hulle heerlik vars die volgende oggend kon wees vir nog ‘n lang dag.

Wicus het besluit om baie vroeg almal uit die vere te skud en op ‘n” breakfast ride” te gaan Wildekus toe met ‘n boot rit daarna. Die wat nou wel besluit het om later te slaap het in alle rigtings gespat en tot by ander besienswaardighede gery, mens sou sê na die vorige dag se geryery sou mense moeg wees! Maar nee, as een fiets begin brul vroeg die oggend, dan kry jy so ‘n kielie in die sitvlak en dan wil jy net opklim en ry. Die meeste van die **mammas** het hul direk vir die stalletjies gehaas en die **pappas** se hard verdiende geld gaan blaas.

Die strand was ook nou ‘n aantrekkingskrag, met die weer wat so ‘n somers gevoel gehad het. So het ‘n klompie gaan lywe nat maak of hulle nou lyk soos” beached whales” of nie.

Dit het so geraas en gedreun in Margate dat haainette nie nodig was nie, die haaie het hul tassies gepak en vertrek toe die eerste H.O.G.s daar aangedonder gekom

het. Ongelukkig is ‘n naweek maar net so lank, en jy deel maar jou ure in om soveel as moontlik ingepas te kry, sodat jy voel jy het ‘n vakansie gehad (mens weet nie hoe lank dit weer sal wees voor jou baas in ‘n goeie bui sal wees en jy hom kan af vra om ‘n**” one of two nightertjie”** by te woon nie) .

En so moes alle lekker dinge ook tot ‘n einde kom. Almal was veilig tuis, en ons gebede vir van ons tweewiel vriende wat seer gekry het op die paaie. Ons dink aan julle. Hoop om julle almal saam te hê volgende jaar.

Angelique Dermit